1 Desember 2015
Toespraak: André van Wyk, merSETA
IDI Sertifikaatplegtigheid, Carnarvon, Noord Kaap

Welkom aan die **Direkteure van Institute for Disability Innovation (IDI).**

Welkom aan al die **Leerders.**

George Jessel het gesê: die menslike brein is ‘n wonderlike ding. Dit begin werk die dag van jou geboorte en stop nooit, totdat jy opstaan om voor ‘n groep mense te praat.

Op ‘n ernstige noot wil ek graag vir Warren Buffet aanhaal, hy het gesê:
“Someone is sitting in the shade today, because someone has planted a tree a long time ago…”

Die vroegste e-pos van Hanlie wat ek ontvang het in my mailbox is gedateer 24 Augustus 2012. Ek dink dit is veilig om aan te neem dat die boom genaamd die IDI geplant is in Augustus drie jaar gelede. Julle as leerders sit vandag in hierdie skaduwee en ontvang julle sertifikate.

Ons gesametlike droom was om ‘n groep mense ‘n nuwe vaardigheid te gee en hulle die geleentheid te gee om vars begin te maak in die wêreld van werk en bemarkbaarheid.

Vandag bereik die IDI en merSETA saam hierdie droom, ons plaas dit in elkeen van julle se hande en sal met afwating toekkyk hoe elk van julle met hierdie nuwe vaardigheid vorentoe gaan en die toekoms aanpak.

Vandag se plegtigheid is ‘n reuse mylpaal in elk van julle se lewens. Dit is ‘n nuwe begin waar julle ‘n nuwe vaardigheid aangeleer het en dus die toekoms positief kan binnegaan en die droom van die IDI en merSETA kan laat waar word.

Ter afsluiting wil ek net sê: ondervinding is nie wat met jou gebeur nie, maar wat jy doen met dit wat met jou gebeur het.

Wat gaan JY doen met hierdie geleentheid wat voor jou is?